# HOOFSTUK 2

## DIE ONTOEREIKENDE SOSIALE OPVOEDING VAN VERSTANDELIK GESTREMDE, GEDRAGSGEREMDE ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KLINIEKSKOOL

### 2.1 INLEIDING

Die grootste meerderheid van verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders in 'n kliniekskool is sosiopedagogies verwaarloosde kinders. Vermeulen (1989:34) het in sy studie van 120 verstandelik gestremde, gedragsgeremde seuns in 'n kliniekskool bevind dat 76% van hierdie seuns uit milieugeremde huise kom. Van die 30 dogters wat hulle tans in 'n kliniekskool bevind, kom 26 uit milieugeremde huise. Die aanname kan dus gemaak word dat verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters se sosiopedagogiese verwaarlosing veral toegeskryf kan word aan hul milieugeremdheid.

In die milieugeremde gesin slaag ouers nie daarin om aan die eise van die alledaagse bestaan te voldoen nie en is daar weinig geleentheid of belangstelling vir opvoedende omgang, ontmoeting en kommunikasie tussen ouers en kinders. Daarbenewens was die ouers se eie opvoeding waarskynlik nie na wense nie en is hulle nie verstandelik en kultureel in staat tot toereikende opvoeding van hulle kinders nie. Dikwels huldig hulle 'n negatiewe siening van die lewe en die samelewing, wat hulle nog minder bevoegd maak om hulle kinders toereikend op te voed. 'n Opvoedingsverhouding van vertroue, begrip en gesag word dus nie verwesenlik nie. Dit impliseer dat opvoeding in saamlewe nie toereikend voltrek word nie. Die kind leer nie binne gesinsverband wat die norme van behoorlike menslike saamlewe en kommunikasie is nie. Hy leer dan ook nie om buite die gesin met andere om te gaan en toereikend te sosialiseer nie. Omdat opvoeding in saamlewe skeef loop, vind opvoeding tot saamlewe ook nie toereikend plaas nie (Pretorius, 1981:215-217; Pistorius, 1976:269; Kruger, 1980:78-80).

Die kind wat ontoereikende opvoedingsverhoudinge en saamleefverhoudinge beleef en wat ontoereikend kommunikeer binne sy gesin-

situasie, beleef intense onveiligheid en angs. Die psigiese versteurdheid van die kind belemmer sy totale uitgaan tot sy wêreld en dus ook tot sy medemens. Die kind kan aanvalsgedrag vertoon, of hom andersyds totaal terugtrek in homself, of hy kan terugval in infantiele, regressiewe gedrag (Pretorius, 1976:22-28, 30-31;). Van gebalanseerde interpersoonlike omgang en kommunikasie sal daar weinig tereg kom. Die kind se gedragsgeremdheid sal inderdaad ook tot uiting kom in kommunikasiegeremdheid, met 'n ontoereikende vermoë om interpersoonlike verhoudinge te handhaaf.

Die verstandelike gestremdheid van gedragsgeremde dogters in die kliniekskool hou ook sekere implikasies in ten opsigte van hul vermoë tot sosiale omgang, kommunikasie en die handhawing van verhoudinge. As verstandelik gestremdes is hulle dikwels ten opsigte van hul ganse persoonwees gestrem. Hul gevolglike mislukkings- en verwerpingsbelewinge maak hulle emosioneel labiel. Dit kan lei tot onstabiele of aandagsoekerige gedrag, wat andere afstoot. Hul verstandelike gestremdheid beperk hul abstrakte denkvermoë, wat nie alleen hul vermoë tot verbale kommunikasie belemmer nie, maar ook hul insig in sosiale gedrag en verhoudinge beperk. Verstandelik gestremde dogters het dikwels 'n swak selfbeeld, wat daartoe lei dat hulle eerder terugtrek uit sosiale situasies. Hierdie teruggetrokkenheid lei tot verdere remming in die sosialisering van verstandelik gestremde dogters (Van der Merwe & Jacobs, 1982:37; Kruger, 1980:158-161; Els, 1988:31).

Uit waarnemings van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in die kliniekskool, sowel as uit individuele pedoterapie met hierdie dogters, blyk dit dat hulle inderdaad ontoereikend kommunikeer met hul medemens. Die gevolgtrekking moet gemaak word dat hul ontoereikende kommunikasie toegeskryf kan word aan ontoereikende opvoeding vanweë hulle milieugeremdheid. Hul verstandelike gestremdheid kan as verdere bydraende faktor tot hierdie probleem beskou word.

Vervolgens word dan uiteengesit hoe die **ontoereikende verwesenliking van die primêre opvoedingsverhoudinge**, sowel as die **ontoe-**

**reikende opvoedingskommunikasie** van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool aanleiding gee tot hul **ontoereikende sosialisering. Sosiopedagogiese verwaarlosing** sal bespreek word vanuit die **milieugeremdheid** van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters. Daar sal ook kortliks uiteengesit word watter rol **verstandelike gestremdheid** speel as verswarende faktor ten opsigte van die sosialisering van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters.

## 2.2 ONTOEREIKENDE OPVOEDING IN SAAMLEWE

Vir die toereikende sosiale opvoeding van die kind is alle verhoudinge binne die gesin belangrik. Deur toereikende verhoudinge tussen ouer en ouer, kind en ouer, kind en volwassene en ouers teenoor ander volwassenes leer die kind wat toereikende interpersoonlike omgang is. Dit is egter veral die **opvoedingsverhoudinge** wat hier van wesenlike belang is en dus vervolgens bespreek word (Pretorius, 1981:46).

Die opvoeding van 'n kind kan slegs geslaag wees as die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind gekenmerk word deur **vertroue, begrip** en **gesag.** Vertroue, begrip en gesag kan slegs verwesenlik word wanneer opvoeder en kind met mekaar omgaan en met mekaar in ontmoeting tree (Van Niekerk, 1976:174-175; Pretorius, 1976:22-23).

Wanneer vertroue, begrip en gesag nie vergestalt word in die opvoedingsverhouding nie, ontstaan daar wanverhoudinge, wat tot uiting kom in versteurde, negatiewe en selfs vernietigende kommunikasie. Ouer en kind leef nie meer in liefdevolle verbondenheid tot mekaar nie, raak vervreemd van mekaar en raak teenstanders van mekaar. Die opvoeding word gekenmerk deur onsekerheid en misverstand. Kind en ouer beleef hulle as onveilig en oorgelewer aan die versteurde situasie, en hulle beleef dit as uitsigloos, sinloos, bedreigend en onaangenaam. Ons kan dus hier praat van 'n gesin in opvoedingsnood (Pretorius, 1976:33,34).

Volgens Pretorius (1976:18) word die gesin in opvoedingsnood gekenmerk deur falende sosialisering, waarvan veral die volgende op die milieugeremde gesin van toepassing is:

* Onvoldoende sosialisering - die opvoeding van die kind word verwaarloos;
* ontoereikende sosialisering - die ouers probeer die kind opvoed, maar misluk;
* terroriserende sosialisering - die kind word verwerp of mishandel.

Falende sosialisering beteken eerstens dat die kind nie die geborgenheid beleef om sosiale verhoudinge te handhaaf nie en tweedens dat hy nie leer hoe om met andere in interaksie te tree en verhoudinge te handhaaf nie.

Vervolgens word uiteengesit hoe die versteurde vertrouens-, begrypings- en gesagsverhouding binne die gesin lei tot die ontoereikende sosiale opvoeding van die kind.

### 2.2.1 Die ontoereikende verwesenliking van die primêre opvoedingsverhoudinge

#### 2.2.1.1 Die versteurde vertrouensverhouding

God het aan die ouers 'n hulpelose kind toevertrou. Die ouers is verantwoordelik om te voorsien in al die opvoedingsbehoeftes van die kind. Kruger (1980:59-61), Meyer (1986:114-118), Pretorius (1976:16) en Van Niekerk (1976:107) dui die volgende opvoedingsbehoeftes aan:

* 'n Behoefte aan fisiese versorging;
* 'n behoefte aan sekuriteit en geborgenheid;
* 'n behoefte aan liefde en aandag;
* 'n behoefte aan prestasie en erkenning;
* 'n behoefte aan verwesenliking van die eie moontlikhede;
* 'n behoefte aan 'n verhouding tot God.

Dit is die ouers se taak en roeping om te voorsien in die opvoedingsbehoeftes van die kind. Dit beteken dat die ouers die kind moet versorg, hom onvoorwaardelik moet aanvaar, liefde en agting aan hom moet betoon en vir hom 'n tuiste moet skep, waar hy welkom en geborge voel en waar hy behoort. Sodoende wek die ouers die kind se vertroue in die lewe, in homself en in sy medemens. Die kind wat deur sy ouers aanvaar word, aanvaar homself en het 'n positiewe selfbeeld. Hy is ook in staat daartoe om andere te aanvaar (Du Plessis, 1974:165; Hobson & Scally, 1984:69). 'n Geborge kind het die selfvertroue om die sosiale werklikheid buite die gesinslewe sonder huiwering tegemoet te gaan (Botha, 1977:43-44; Sonnekus, 1977:4).

Die kind wil ook ervaar dat hy self vertrou word. Slegs dan sal hy self bereid wees om groter verantwoordelikheid vir sy eie aandeel aan die opvoedingsverhouding te neem (Landman, 1977:64). Hy sal dan ook as volwassene aanspreeklikheid aanvaar vir sy interpersoonlike verhoudinge. In die gesin word die kind van ekgevoelens tot ons-gevoelens opgevoed. Hier word die eerste grondslae gelê van liefde, vriendskap, offervaardigheid, pligsbesef, getrouheid, verdraagsaamheid en samewerking. Juis daarom is 'n harmoniese huwelikslewe essensieel, omdat dit die kwaliteit van alle ander saamleefverhoudinge in die gesin grootliks bepaal (Pretorius, 1981:46).

Hoffman (1978:75) wys daarop dat vertroue slegs verwesenlik kan word as beide ouers en kinders ook in hulle sosiale handeling God in liefde dien. Die liefdesgebod dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself staan sentraal ten opsigte van die ware Christelike medemenslikheid.

Wanneer die vertroue tussen ouer en kind ontbreek, voel die kind onveilig en bedreig. Die kind voel weerloos, in die steek gelaat, magteloos, onaanvaarbaar en onwaardig, en beleef wantroue, angs en onsekerheid. Die kind word getraumatiseer (psigies gewond). Omdat die ouers self vir die kind die bedreigende is, kan die kind sy angs nie met die ouers deel nie. Die gevoelslewe van die

kind word versteur en word gekenmerk deur wisselvalligheid en onstabiliteit (Pretorius, 1976:19,25-26; Van Niekerk, 1976:122). Die kind wat nie sy ouers vertrou nie, kan ook nie andere vertrou nie (Vermeulen, 1989:38). So 'n kind is nie bereid om met andere in ware ontmoeting te tree nie en dus waarlik met andere te kommunikeer nie. Sy interpersoonlike verhoudinge sal verskraald bly, omdat hy nie geleer het hoe om homself en andere lief te hê en te ag nie. Sy emosionele onstabiliteit dra verder by tot sy onvermoë om verhoudinge met andere te handhaaf.

Vermeulen (1989:38) het bevind dat 90% van die kinders wat hy bestudeer het, hulle in 'n ernstige vertrouenskrisis bevind. Van die 30 dogters wat tans in die kliniekskool is, bevind 28 hulle tans in 'n vertrouenskrisis ten opsigte van een of albei ouers. Dit kan beskou word as 'n belangrike oorsaak van die kommunikasiegeremdheid van hierdie dogters.

#### 2.2.1.2 **Die versteurde begrypingsverhouding**

'n Tweede wesenskenmerk van die opvoedingsverhouding is dat dit 'n begrypingsverhouding, of kenverhouding moet wees. Ouer en kind moet mekaar deeglik ken en verstaan, sodat hulle mekaar kan aanvaar. Slegs die ouer wat kennis het van die unieke aard van elke kind, kan weet wat daardie kind se bestemming is. Die ouers moet die kind ook help tot kennis van sy eie moontlikhede en tot kennis van die eise van behoorlike volwassenheid, sodat hy behoorlik volwasse kan word volgens sy gegewe moontlikhede. So kom die kind tot realistiese kennis van homself. Die ouer moet begrip hê vir die beperkinge van die kind en moet dit aanvaar, sodat daar altyd realistiese eise aan die kind gestel sal word (Landman, 1977:63; Kruger, 1980:61; Mol, 1985:66). Begrip stel die eis dat die ouers verdraagsaamheid en respek teenoor die kind moet betoon, en ook bereid moet wees om met begrip na die kind se standpunte en probleme te luister. Die kind wat beleef dat hy self met begrip behandel word, sal begrip hê vir sy ouers en andere buite die gesin. Ouers en kinders sal mekaar slegs ken en begryp indien daar toereikende opvoedingskommunikasie tussen hulle is. Die

vermoë om te kommunikeer sal ook die basis vorm van die kind se begrip van mense buite die gesin.

Die begrypingsverhouding het ook 'n ander dimensie, naamlik die ontsluiting van die analities-logiese bestaanswyse van die kind. Dit is noodsaaklik dat opvoeding sal lei tot die verwerwing van aktiewe, funksionele kennis, want daarsonder kan die kind sy leefwêreld nie beheers nie (Van der Walt et al, 1983:75,169). Ouers moet aktief betrokke wees by die verstandelike opvoeding van die kind deur onder andere spel, gesprek, uitstappies en die verskaffing van boeke en speelgoed. Hulle moet veral bereid wees om tyd saam met die kind deur te bring, asook om sy vrae te beantwoord (Sonnekus, 1977:44-45).

Die kind wat logies kan dink, kan kom tot ware selfbegrip en ware begrip vir andere. Dit beteken dat die kind insig sal hê in sosiale verhoudinge en sosiaal oordeelkundig sal optree (Hoffman, 1978:77).

Waar die vertrouensverhouding aangetas is, loop die begrypingsverhouding ook skeef, omdat ouers en kinders mekaar nie waarlik ken en verstaan nie. As ouers die kind nie ken nie, leef die kind vanweë sy affektiewe labiliteit en vanweë die afwesigheid van 'n nastrewenswaardige volwassenheidsbeeld nie in verbondenheid met die ouers nie. Die kind is dan nie gerig op volwassenheid nie. Die kind ken en begryp ook nie sy opvoeders nie en hulle word vir hom 'n bedreiging (Van Niekerk, 1976:122-133; Sonnekus, 1977:5; Hoffman, 1978:76).

Pretorius (1976:19-20) wys daarop dat ouers dikwels nie werklik begryp wie hulle kind is nie en dan onrealistiese eise en verwagtings aan die kind stel. Wanneer die kind nie aan verwagtinge kan voldoen nie, lei dit tot ontmoediging, frustrasie, skuldgevoelens en ontsporing.

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders het veelvuldige belemmeringe ten opsigte van hul persoonlike vermoëns. Juis daar-

om het hulle 'n besondere behoefte om begryp te word. Indien hulle nie begryp word nie, sal hulle nie die opvoeding van die ouers aanvaar nie, en sal hulle gedrag onbegryplik raak vir andere (Vermeulen, 1989:46). Vermeulen (1989:44) het bevind dat 94% van die kinders in sy ondersoek hulself as onbegrepe kinders beleef. Van die 30 verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters wat hulle tans in die kliniekskool bevind, beleef 27 hulself as onbegrepe kinders.

### 2.2.1.3 Die versteurde gesagsverhouding

Die opvoedingsverhouding moet ook 'n gesagsverhouding wees. Aan die hand van skrifwaarhede moet die ouers beginsels, norme en waardes aan die kind voorhou en voorleef. Die kind moet hierdie norme leer begryp en aanvaar. Hy moet ook aan die hand van hierdie norme keuses maak, daarvolgens handel en rekenskap gee van sy handelinge. Deur ontsluiting van die norme wat geld ten opsigte van al sy menslike bestaanswyses, verwerf die kind vryheid tot verantwoordelikheid. Deur geloofsopvoeding lei die ouers die kind tot die aanvaarding van 'n Christelike lewensopvatting. Die kind moet egter volkome vertroue hê dat die opvoeder hom nie verkeerd sal lei nie. Slegs dan sal hy die gesag van die opvoeder aanvaar. Konsekwente, simpatieke en verantwoordelike gesag laat die kind veilig en seker voel en versterk die vertrouensverhouding (Van der Walt et al., 1983:135-139; Landman, 1977:64; Sonnekus, 1977:6-7; Van Niekerk, 1976:110; De Witt, 1979:27-28).

Ten einde die kind sosiaal op te voed, moet die opvoeder binne die gesinsituasie die **norme van sosiale samesyn** en **omgang** aan hom voorhou en voorleef. Kommunikasie is slegs moontlik as beide ouers en kinders gehoorsaam is aan hierdie norme. Dieselfde norme geld ook vir sosiale verhoudinge buite die gesin (Hoffman, 1978:75). Die basis vir normatief korrekte interpersoonlike kommunikasie moet dus binne gesinsverband gelê word.

Binne 'n versteurde gesagsverhouding word die norme van menswaardige interaksie nie verwesenlik nie. Die ouer wat die kind vir

ongelukke, foute of mislukkings straf, vernietig die kind se selfbeeld. Dit is ook ontoelaatbaar om die kind te dreig met weerhouding van liefde. Kritiek, veroordeling, vernedering en 'n geskel vernietig die kind se selfagting. Gesag moet nooit die kind se waardigheid as mens aftakel nie (Mol, 1985:75-78). Die mens wat in homself afgetakel is kan nie sosiaal met sy medemens omgaan nie.

Wanneer gesinsamelewing ontoereikend voltrek word, vind daar normatiewe ontsporings ten opsigte van die sosiale bestaanswyse van die gesinslede plaas. Hoffman (1978:74-79) gee 'n uiteensetting van die invloed wat ontoereikende voltrekking van norme het op die sosiale lewe in die gesin. Sy uiteensetting is gebaseer op 'n skriftuurlike mensbeskouing, soos uiteengesit in paragraaf 1.4.1. Om duplisering te voorkom word die volledige uiteensetting nie hier weergegee nie, maar word deurgaans daarna verwys in die bespreking van versteurde opvoedingskommunikasie (vgl. paragraaf 2.2.2.)

Vermeulen (1989:49) wys daarop dat verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders **langer afhanklik** bly van die steun van volwassenes. Hul identifisering met en gehoorsaamheid aan die lewensnorme kan langer uitbly. Dit stel 'n besondere eis aan die geduld, liefde en verantwoordelikheid van die ouers. Die ouer kan die langsame normatiewe volwassewording van die kind beleef as mislukte opvoeding. Die ouers kan dan enersyds alle straf laat vaar, of andersyds oorstreng optree. Die kind se liefde en vertroue word hierdeur geskok en dit lei tot gevoelens van onsekerheid, opstandigheid en selfs haat. Vermeulen (1989:50) het bevind dat 92% van die kinders wat hy bestudeer het in 'n ontoereikende gesagsverhouding tot hulle ouers staan. Daar kan dus met redelike sekerheid aangeneem word dat verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters ook nie toereikend opgevoed is ten opsigte van die norme vir sosiale omgang en verhoudinge nie.

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters het as afwykende kinders dus 'n besondere behoefte aan gesagsleiding, ook in hul verhouding tot hul heropvoeders (Pretorius, 1976:126).

### 2.2.2 Versteurde opvoedingskommunikasie

In paragraaf 1.4.2.2 is reeds uiteengesit dat opvoeding slegs toereikend kan plaasvind indien die opvoedingskommunikasie tussen ouer en kind gekenmerk word deur intieme persoonlike omgang en ontmoeting, wedersydse aanvaarding en begrip en normatiewe leiding aan die kind. Wanneer daar egter sprake is van opvoedingsverwaarlosing word die gesin gekenmerk deur negatiewe en ontoereikende opvoedingskommunikasie. Die kind bevind hom dan in 'n disharmoniese opvoedingsituasie, wat hom ernstig kan rem ook ten opsigte van sy sosiale volwassewording.

Dit is ongelukkig so dat die gesin nie slegs die saamleefgemeenskap is waarbinne liefde, verdraagsaamheid en samewerking voltrek word nie, maar dikwels ook die situasie is waarbinne aggressie, isolasie, botsing en wrewel verwesenlik word (Pretorius, 1981:46). In so 'n disharmoniese opvoedingsituasie het die ontmoeting, die liefdevolle verbondenheid tussen ouer en kind verlore gegaan. Teenoor die liefdevolle verbondenheid van die kommunikasie staan die angsvolle isolasie van versteurde kommunikasie. Die kind kom te staan voor dit wat vir hom vreemd en bedreigend is. As gevolg van sy hulpeloosheid kan die kind nie alleen staan teenoor die lewe nie. Angs is wesenlik die belewing van eensaamheid (Pretorius, 1976:23).

Volgens Wijngaarden (1959:116-118) trek die beangste kind hom terug in homself en sluit hom af, of rig hy teen hom die buitewêreld om homself te verdedig. Die versteurde kind verberg dus nie slegs sy innerlike nie, maar sy gedrag word vir sy opvoeders onbegryplik. Daar ontstaan konflik tussen opvoeder en kind, wat lei tot verwydering, ontnugtering, skuld, eensaamheid en angs.

Die opvoedingsnood van die kind is dus primêr op kommunikasievlak en verhoudingsvlak.

In die lig van die bevindinge van Vermeulen en Snyman (paragraaf 2.1), naamlik dat die grootste meerderheid van verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders in die kliniekskool ontoereikende opvoedingsverhoudinge beleef, kan aangeneem word dat hulle ook onderworpe is aan ontoereikende opvoedingskommunikasie in die gesin. Ook die 30 dogters wat tans in die kliniekskool is, beleef die een of ander vorm van versteurde kommunikasie in hulle primêre opvoedingsituasie.

Pretorius (1981:17-18) wys daarop dat die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie binne 'n toereikende opvoedingsverhouding vergestalt word. Vervolgens word hierdie wesenskenmerke kortliks uiteengesit. Daar word ook aangedui op watter wyse die wesenskenmerke ontoereikend verwesenlik word binne die disharmoniese opvoedingsituasie. Verder word aangedui op watter wyse verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters ontoereikend kommunikeer in die kliniekskoolsamelewing. Hierdie aannames berus op

* waarnemings van die dogters deur die pedoterapeut en ander personeel wat daagliks met die dogters werk;
* die pedoterapeut se kliniese oordeel, wat berus op individuele werk wat met dogters gedoen word, en
* orto- en sosiopedagogiese verslae, wat insae bied in die aard van die dogters se kommunikasieprobleme tuis en in die skool.

#### 2.2.2.1 Gevoelskommunikasie

Die eerste wesenskenmerk van interpersoonlike kommunikasie is toereikende gevoelskommunikasie. Toereikende gevoelskommunikasie beteken dat 'n persoon bereid moet wees om die eie gevoelens te erken. Verder moet die persoon ook in staat wees tot die uitle-

wing van positiewe sowel as negatiewe gevoelens op sosiaal aanvaarbare wyse (Pretorius, 1981:17-18). Gevoelens moet toepaslik wees binne die betrokke situasie waarin dit tot uiting kom. 'n Persoon moet ook in staat wees om sy gevoelens te beheer (Hoffman, 1978:77). Verder moet 'n persoon in staat wees tot empatie met die gevoelens van andere en om hierdie empatie oor te dra aan andere (Pretorius, 1981:17-18).

Van Wyk (1983:44-45) beklemtoon in hierdie verband die noodsaaklikheid daarvan dat ouers bereid moet wees om na die gevoelens van hulle kinders te luister, dit te respekteer en begrip daarvoor te toon. Slegs op so 'n wyse sal die kind leer om sy eie gevoelens te aanvaar, te begryp en op aanvaarbare wyse uit te leef, asook om ware empatie te hê met die gevoelens van andere.

Gevoelens word op negatiewe en ontoereikende wyse gekommunikeer wanneer ouers hulle gevoelens op onbeheersde wyse teenoor mekaar en hul kinders uitleef, of wanneer hulle nooit enige positiewe of eerlike gevoelens teenoor hulle kinders openbaar nie. Dit gebeur ook wanneer ouers geen begrip toon vir die gevoelens van hulle kinders nie of hulle gevoelens nie in ag neem nie. Die kind leer dus nie emosionele sensitiwiteit aan nie en leer ook nie om hulle gevoelens te beheer nie (Hoffman, 1978:77; Pretorius, 1981:18).

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters toon hul versteurde gevoelskommunikasie onder andere deur gevoelslabiliteit. Hulle reageer soms met hewige aggressie of onsteltenis op gebeure, buite verhouding tot die erns van die gebeure. Hul gevoelskontrole is swak. Dikwels is hul gevoelens verhard en vertoon hulle 'n onvermoë om enige gevoelens te toon. Omdat hulle dikwels vasgevang is in hul eie, versteurde gevoelens, kom hulle moeilik tot 'n objektiewe stellingsname teenoor die werklikheid en vertoon hulle 'n onvermoë om empatie te hê met die gevoelens van andere.

### 2.2.2.2 Magskommunikasie

Volgens Pretorius (1981:18) is ook die magsaspek 'n wesenskenmerk van interpersoonlike kommunikasie. Hy omskryf dit as die intensie van 'n persoon om die aandag op homself gevestig te kry, asook die intensie om andere te kontroleer. In die opvoeding word die magsaspek deur die **gesagsverhouding** verwesenlik (De Klerk, 1990: 50; Pretorius, 1981:18). Volgens Hoffman (1978:76) is die kern van gesag regverdigheid. Regverdigheid eis demokratiese gesagsuitoefening, wat ook die kind se regte as mens respekteer. Ouers wat hul kinders op demokratiese wyse opvoed help hulle kinders om selfstandig te word. So leer die kind om self beslissings te maak en self stelling in te neem teenoor sy medemens en leer hy andere se standpunte waardeer. Die kind kan hom aan die hand van norme en waardes oriënteer in vreemde situasies. Hy sal in staat wees tot gesonde selfhandhawing in sy kommunikasie met andere, sonder om hulle te oorheers (De Wit en Van der Veer, 1982:104; Gresse, 1973:26).

By versteurde magskommunikasie gaan dit om die versteurde gesagsverhouding. Die kind verwerp die gesag van die ouers en die gesag van samelewingsnorme. Dit vind plaas wanneer ouers gesag op outokratiese wyse aan die kind kommunikeer deur oormatige beheersing, dominering, onregverdigheid, vernedering, onmenslike straf of selfs mishandeling. Die gees van die kind word geweld aangedoen, en dit kan lei tot opstandigheid en haat, of volkome onttrekking. Andersyds sal 'n laat-maar-gaan opvoedingstyl lei tot verwenning en onbeheersde optrede by die kind. Die kind leer nooit om afstand te doen van die eie begeertes en wense ter wille van andere nie. Hy is nie in staat tot affektiewe binding nie en is grootliks egosentries ingestel (Hoffman, 1978:76; Gresse, 1973).

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters vind dit moeilik om gesag te aanvaar en is dikwels in botsing met volwassenes. Hulle is geneig om hul maats te manipuleer om hul sin te kry en hul eie behoeftes te vervul. Hulle ontken dan ook maklik die regte van andere en verontskuldig hulself wanneer hulle oortree

het. Deur dreigemente, 'n geskel of omkopery probeer hulle soms mag uitoefen op andere tot hul eie voordeel.

2.2.2.3 **Buigsaamheid**

Die volgende wesenskenmerk van kommunikasie is buigsaamheid. Buigsaamheid is die teenoorgestelde van rigiditeit. Gouws, et al., (1979:42) omskryf buigsaamheid as aanpasbaarheid en plastisiteit, dit wil sê die vermoë om met gemak 'n ingesteldheid te verander, gedrag te wysig en op toepaslike wyse op veranderde omstandighede te reageer. Volgens Pretorius (1981:18) is buigsaamheid die moontlikheid om 'n groot verskeidenheid van gevoelens, idees en handelinge te verwesenlik. Rigiditeit kan omskryf word as die onvermoë van 'n persoon om sy gedrag, houdings, menings of wyse van aanpassing te wysig, en as die vasklou aan uitgediende gedragspatrone (Gouws et al., 1979:262).

Die opvoeder moet aan die kind buigsaamheid kommunikeer. Dit is noodsaaklik dat die kind sosiale aanpasbaarheid binne gesinsverband sal aanleer (Hoffman, 1978:78). Sodoende sal hy kan aanpas by 'n groot verskeidenheid interpersoonlike situasies buite die gesin sonder om die eie waardes en norme prys te gee.

Wanneer ouers onbuigsaam, ontoeskietlik en onderdrukkend optree, leer hulle ook die kind om nie buigsaam te wees nie. Die kind word dan self 'n harde en ongenaakbare mens, wat rigied dink en optree, moeilik inskakel by veranderende omstandighede en moeilik interpersoonlike verhoudinge kan handhaaf. Onderdrukkende kommunikasie lei tot opstand, of totale passiwiteit en 'n gebrek aan spontaneïteit in die omgang met andere. Oormatige toeskietlikheid kan andersyds daartoe lei dat die kind geen standvastigheid vertoon nie en geen standpunt kan inneem nie.

Die onbuigsaamheid van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters kom tot uiting in hul onvermoë om andere te begryp en in hul onverdraagsaamheid. Hulle vind dit moeilik om sonder konflik in die kliniekskoolsamelewing saam te leef en saam te werk. Heel

dikwels beland hulle egter in die moeilikheid omdat hulle sonder teëspraak doen wat hul maats sê, of hulle laat hulle misbruik omdat hulle hul maats nie wil teëgaan nie.

### 2.2.2.4 Erkenning van die ander

Landman (1977:63) omskryf hierdie wesenskenmerk van kommunikasie as agting vir die menswaardigheid van die ander. Die woord "agting" stam van die Oud-hoogduitse woord "ahton", wat beteken "nadink", "beag", "waardeer" of "glo". Wanneer een mens deur die ander geag word, beteken dit dat hy waarderend beag word, en dat sy outentieke persoonwees na regte besef word (Van Rensburg et al., 1979:7). Volgens Pretorius (1981:18) is erkenning van die ander die mees fundamentele sosiale handeling.

Ouers moet deur hulle optrede aan die kind kommunikeer dat hulle agting het vir hom as unieke mens, omdat hy as beelddraer van God deelnemer is aan die hoogste waardes van menswees. Die ouer moet bereid wees om met die kind in verhouding te tree en hom welkom laat voel. Die kind se tuiste moet vir hom 'n geborge ruimte van intieme gesinsamesyn wees (Landman, 1977:63-64).

Erkenning van die ander impliseer ook erkenning van jouself as menswaardige mens, as individu in eie reg - dus **selfaanvaarding** en selfvertroue (Van Rensburg et al., 1979:7). Die kind wat homself ag, sal ook agting betoon in die omgang met andere.

Wanneer ouers die unieke individualiteit van die kind misken, kan daar van ware aanvaarding en begrip geen sprake wees nie. Die ouer wat afbrekende en aanhoudende kritiek lewer en wat die kind verneder en verkleineer breek die selfbeeld van die kind af. Die kind verloor agting vir sy ouers en vir sy medemens in die algemeen. Wanneer ontkenning, minagting en verwerping aan die kind gekommunikeer word, sal die kind minderwaardig voel en sal hy ook nie andere kan erken en aanvaar nie (Nel & Steyn, 1985:14).

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters toon dikwels hul minagting vir hul maats en selfs volwassenes deur hulle toe te snou, te vloek, te slaan, te beskinder, te belieg, te besteel, te misbruik, te ignoreer of weg te jaag. Hul miskenning van die menswaardigheid van andere kom trouens tot uiting in al die vorme van versteurde kommunikasie wat in hierdie paragraaf bespreek word. In wese lê hul onvermoë tot erkenning van die ander in hul eie belewenis van nie-menswaardigheid en in hul egosentriese vasgevangenheid in hul eie problematiese leefwêreld. Daarom draai hul denke en gevoelens meesal net om hulself en hul onvervulde behoeftes. Op tipies egosentriese wyse vertoon hulle dan ook dikwels opvallende of "snaakse" gedrag net om die aandag op hulself te vestig.

### 2.2.2.5 **Rasionele Denke**

Vervolgens word rasionele denke as wesenskenmerk van interpersoonlike kommunikasie uiteengesit. Die woord "rasioneel" stam van die Latynse woord "rationalis", wat beteken "deur middel van die rede", "redelik" of "verstandelik". Rasionele denke is logiese denke (Van Rensburg et al., 1979:139). Om rasioneel te dink oor 'n saak beteken om daardie saak te begryp en insig te hê daarin. 'n Begrip vat die eienskappe van 'n saak saam wat belangrik is om 'n saak te verstaan (Gouws et al., 1981:30).

Binne die konteks van opvoedingskommunikasie verwys hierdie aspek eerstens na die kind se vermoë om dit wat andere aan hom kommunikeer korrek te interpreteer. Tweedens vereis dit dat die kind hom moet kan **indink** in die lewensituasie van andere (Pretorius, 1981: 18), sodat hy nie slegs realistiese sienings van sy medemens sal hê nie, maar ook ware begrip vir hulle sal hê.

Om andere waarlik te kan begryp, moet die kind egter ook insig verwerf in sy eie gevoelens, gedagtes en handelinge. Hierdie insigte sal slegs aan die kind oorgedra word as hy in 'n **begrypensverhouding** tot sy opvoeder leef (Landman, 1977:63).

Binne die begrypingsverhouding leer die kind om begrypend teenoor homself, asook sy medemens te staan.

Die ouer wat hom nie kan indink in die lewensituasie en gevoelens van die kind nie, sal die kind nie leer ken nie. Die kind sal nie tot selfkennis en selfbegrip gebring word nie. Die ouer sal aan die kind irrasionele sienings oor homself, sy medemens en sy leefwêreld kommunikeer. Daar sal wanbegrip wees tussen ouer en kind, en die kind sal ook nie kom tot voldoende begrip van sy leefwêreld en van die lewenseise nie. Dit sal lei tot verwarring by die kind, asook 'n onvermoë om andere te begryp.

Omdat die abstrakte redeneringsvermoë van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters beperk, is vertoon hulle weinig insig in sosiale verhoudinge. Hulle verstaan baie moeilik die motivering vir andere se gedrag en reageer dan op irrasionele wyse. Hulle kom moeilik tot begryping van 'n ander se lewensituasie en huldig dikwels irrasionele sienings van andere. Hierdie beperking word vererger deur hulle emosionele versteurdheid, wat kognitiewe ordening belemmer. Hul beperkte insig is 'n besonder sterk remmende faktor ten opsigte van interpersoonlike kommunikasie.

### 2.2.2.6 Gesprek

Kommunikasie is altyd 'n tweegesprek of dialoog, waardeur wedersydse beïnvloeding en persoonsvorming plaasvind. Volgens Frankl (1980:65) is dialoog die wesenlike van eg menslike ontmoeting.

Die oorsprong van die woord "dialoog" kan teruggevoer word na die Griekse woord "dialogos" wat saamgestel is uit die woorde "dia", wat beteken "intree tussen" en "logos", wat beteken "verhaal", "gesproke woord" of "woord", asook die woord "dialegomai", wat beteken "gesels".

Dialoog is 'n tweegesprek of samespraak om kommunikasie te bevorder. Dit lei tot beter verstandhoudings en wedersydse begrip. Dialoog, gesprek en kommunikasie is dus sinoniem (Gouws

et al., 1982:29; Pretorius, 1981:18; Botha & Van Rensburg, 1985: 68; Pistorius, 1976:213). Sonder die opregte intensie om 'n ander te wil begryp, te wil ontmoet en te wil raakhoor, kan daar van dialoog nie sprake wees nie. Onderliggend aan gesprek moet daar 'n houding wees van ware bereidheid tot verhoudingstigting, aanvaarding en erkenning van die ander se reg om anders te wees (Traas, 1974:86).

Wanneer opvoeder en kind nie tyd saam deurbring nie, nie met mekaar praat nie, en nie bereid is om onbevange na mekaar te luister nie, kan daar geen sprake wees van wedersydse aanvaarding en begrip nie (Pistorius, 1981:66). Om nie te luister na die kind nie, is minagting van die menswaardigheid van die kind en is ontkenning en verwerping van die kind as mens in eie reg. Die kind wat nie na sy ouers luister nie, het nie agting vir sy ouers nie. Hy vertrou hulle nie en aanvaar nie hulle gesag nie. Bowenal leer die kind nie hoe om op aanvaarbare wyse uiting te gee aan sy gevoelens en gedagtes nie en leer hy ook nie hoe om met 'n ontvanklike gemoed na andere te luister nie.

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters is verbaal gestrem. Op grond van hul verstandelike beperktheid is hul taalvermoë, hul konsentrasievermoë, asook hul insig in idees en verhoudinge beperk. Hul milieugeremdheid veroorsaak verder dat hulle hul reeds beperkte verbale vermoëns nie optimaal verwesenlik nie. Hulle vind dit moeilik om hul belewinge, gedagtes en gevoelens te verbaliseer. Bowendien kan psigies versteurde dogters hul gevoelens nie verwoord nie (Lubbers, 1971:7). Hulle is dikwels in hulself gekeer en het nie die vrymoedigheid om met andere te praat nie. Die ander uiterste is dat hulle geneig is om slegs oor hulself te praat en die geselskap te oorheers. Hulle vind dit moeilik om met opregte belangstelling na hul maats te luister en toon dikwels weinig begrip vir wat hulle sê. Hulle verkies dit om self te praat en die aandag op hulle gevestig te hou. Daarom val hulle hul maats in die rede om oor hulself te praat, of hulle snou hul maats toe om stil te bly.

### 2.2.2.7 Ontmoeting

'n Volgende wesenskenmerk van kommunikasie is ontmoeting. Die mens is altyd gerig op die wêreld en hy staan oop vir die wêreld; hy is in dialoog met die wêreld en tree voortdurend daarmee in ontmoeting. Interpersoonlike verhoudinge ontstaan omdat die mens ook met sy medemens in ontmoeting tree (Gresse, 1973:17-18).

Pretorius (1981:18) omskryf interpersoonlike ontmoeting as die gebeure waar die ander "van alle moet onthef word." Dit impliseer onvoorwaardelike aanvaarding van die ander. In 'n ontmoetingsituasie ontstaan optimale vryheid, sodat die een dit sal wil waag met die ander in 'n sfeer van veiligheid, begrip en vertroue. Deur ontmoeting in die opvoedingsverhouding ervaar die kind die vryheid waarbinne hy homself kan wees. Gewone menslike omgang beteken 'n by-mekaar-wees in ruimte en tyd, en die bestaan van die moontlikheid om met mekaar te kan kommunikeer. Die ontmoetingsverhouding beteken egter dat die menslike saamlewe verdiep tot 'n met-mekaar-wees. Ouer en kind kan hulle in vertroue tot mekaar wend en sinvol met mekaar kommunikeer (Van Rensburg et al., 1979:108). Dit beteken ook die belewing dat ons aan mekaar behoort ter wille van mekaar. Ontmoeting vereis dat ouer en kind hulle vir mekaar oopstel en vir mekaar bereikbaar en beskikbaar is. In 'n ontmoetingsituasie heers daar innigheid, hartlikheid en vertroulikheid. Ontmoeting word gekenmerk deur 'n gesindheid van samewerking en medeverantwoordelikheid vir mekaar, omdat die saamleefsituasie as sinvol beleef word. In so 'n situasie heers daar diepgewortelde goeie gesindhede en welwillendheid, wat daartoe lei dat die betrokkenes graag by mekaar en met mekaar wil wees (Landman, 1977:66-66; Gresse, 1973:20). Konflik kan ook voorkom in 'n ontmoetingsituasie, maar opvoeder en kind is dan bereid om die konflik "uit te veg", aldus Traas (1974:84).

Om met andere in ontmoeting te kan tree vereis egter dat die mens ook met homself in ontmoeting moet tree en homself moet leer ken, begryp en aanvaar.

Dit blyk dus dat ontmoeting die sentrale begrip is ten opsigte van interpersoonlike kommunikasie. Ontmoeting kan slegs waarlik gestalte vind as alle ander wesenskenmerke van kommunikasie verwesenlik word.

Ontmoeting word versteur wanneer die betrokkenes mekaar nie onvoorwaardelik aanvaar nie, en kontak nie natuurlik en spontaan is nie. Die liefdevolle betrokkenheid tussen ouer en kind kom nie tot sy reg nie. Die kind beleef dat hy nie versorg word nie, dat sy ouers hom nie lief het nie, dat hy slegs voorwaardelik aanvaar word, of selfs verwerp word. Die kind beleef nie meer geborgenheid nie, en kan die ouers nie meer vertrou nie.

Die ongeborge kind sal in sy kommunikasie dit nie wil waag met sy medemens nie, hulle ook nie waarlik vertrou nie en nie waarlik ontmoet nie. Hy sal ook nie in staat wees om andere waarlik te ken, te begryp of te aanvaar nie. Sy verhoudinge met volwassenes, asook sy portuurgroep, sal eerder gekenmerk word deur wantroue, onbegrip en afwysing van die ander. Die kind is geslote vir die ander en is behep met die eie self. So bly die kind vasgevang in sy eie innerlike wêreld van angsvolle isolasie.

Wanneer die opvoeder andersyds die kind oormatig aan hom bind, kan daar 'n afstootlike familiariteit tussen opvoeder en kind ontstaan. Vertroue en gesag kan nie tot hul reg kom as opvoeder en kind aan mekaar gelykgestel word nie (Traas, 1974:84). Verder kan die kind wat gevoelsmatig te geheg is aan die ouer, moeilik sosiaal selfstandig word, omdat sy kontak beperk bly tot die ouer.

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters vind dit besonder moeilik om volwassenes te vertrou. Hulle is egosentries, stel hulle moeilik oop vir andere en toon weinig opregte belangstelling in andere. Van onvoorwaardelike aanvaarding is daar dikwels weinig sprake. Andersyds beleef hulle so 'n affektiewe honger, dat hulle hulself oormatig probeer bind aan volwassenes, of maats. Hierdie neiging tot familiariteit kom ook tot uiting daar-

in dat hulle dikwels hul diepste geheime sal vertel aan elkeen wat bereid is om te luister. Ook binne portuurgroepverhoudinge is daar van ware vertroue dikwels weinig sprake. Maats skinder van mekaar en sal mekaar skaamteloos beskuldig om straf vry te spring. Selfs "boesemvriendskappe" word dikwels opgebreek as gevolg van 'n stryery oor seunsvriende. Vriendskap word voorwaardelik gegee "as jy vir my van jou lekkers gee, of as jy my klere was, of as jy met niemand anders speel nie, of as jy doen wat ek sê."

2.2.2.8 **Waarde-oordrag**

Waarde-oordrag is die allesomvattende wesenskenmerk van interpersoonlike kommunikasie. Kommunikasie is slegs sinvol as dit lei tot die oordrag van die hoogste menslike waardes.

Die woord "waarde" is afgelei van die Latynse woord "valere" of "valu", wat beteken "van waarde wees." Waarde is die besondere betekenis wat 'n bepaalde saak vir 'n mens het en dit druk sy gesindheid daarteenoor uit (Van Rensburg et al., 1979:172).

In hierdie ondersoek val die klem op oordrag van sosiale waardes. Deur middel van opvoeding dra die ouers die waardes van behoorlike sosiale saamlewe aan die kind oor. Dit doen hy deur self hierdie waardes binne die opvoedingsverhouding aan die kind voor te hou en voor te leef. Die ouer wat ontoereikend met die kind kommunikeer, dra nie die waardes van aanvaarbare interpersoonlike omgang aan die kind oor nie en voed die kind dus nie op tot verwesenliking van sy sosiale bestaanswyse nie.

Die negatiewe kommunikasiegedrag van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters dui op ontoereikende waarde-oordrag ten opsigte van sosiale interaksie. Dit is die opgaaf van die ortopedagoog om die waardes van behoorlike interpersoonlike kommunikasie aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters oor te dra. So vind sosiale heropvoeding plaas.

## 2.3 MILIEUGEREMDHEID AS VERNAAMSTE OORSAAK VAN DIE ONTOEREIKENDE SOSIALE OPVOEDING VAN VERSTANDELIK GESTREMDE, GEDRAGSGEREMDE ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KLINIEKSKOOL.

Die ondersoeke gedoen deur Vermeulen (1989) en Snyman (1976) dui daarop dat die groot meerderheid verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders in 'n kliniekskool milieugeremde kinders is. Hierdie aanname word versterk deur die feit dat 26 uit die 30 dogters wat hulle tans in die kliniekskool bevind, uit milieugeremde huise kom. Die milieugeremde kind is 'n sosiopedagogies verwaarloosde kind. Vervolgens word die sosiopedagogiese verwaarlosing van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters bespreek vanuit die perspektief van hul milieugeremdheid.

Die begrip "milieu" kan omskryf word as die mens se

* geografies-fisiese wêreld;
* medemenslike wêreld, en
* kultuur-historiese wêreld.

(Pretorius, 1981:211)

Wanneer die kind se opvoedingsmilieu ernstig tekort skiet, kan daar gepraat word van 'n gestremde of geremde milieu (Booyse, 1989:142; Van Niekerk, 1986:4; Pretorius, 1981:211-212). Booyse (1989:142) is van mening dat die term "milieugeremd" verkieslik is, omdat 'n geremdheid die moontlikheid van opheffing impliseer. Dit is dan ook so dat sekere aspekte van 'n problematiese opvoedingsmilieu ophefbaar is. In die geval van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters verwys hierdie aspekte veral na opvoedingsprobleme of -tekorte in die gesin.

Van Niekerk (1986:4) en Pretorius (1981:211-212) gebruik egter die term "milieugestremd", en beklemtoon daarmee die onophefbare aspekte van 'n ontoereikende opvoedingsmilieu. Dat sekere tekorte ten opsigte van 'n gesin se milieu onophefbaar is is eweneens waar. Beide die bostaande terme is dus toepaslik op verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool. Verstan-

delik gestremde, gedragsgeremde dogters word egter in 'n kliniekskool geplaas met die aanname dat hul problematiese opvoedingsituasie **opgehef** of verbeter kan word. Die term "milieugeremd" word dus as meer toepaslik beskou en sal vervolgens gebruik word.

**Milieugeremdheid** beteken dat die kind hom bevind in 'n leefwêreld wat gekenmerk word deur

* 'n ontoereikende fisiese omgewing en woonbuurt, swak behuising en karige materiële besittings;
* ontoereikende interpersoonlike kommunikasie wat die kind rem ten opsigte van die verwesenliking van sy persoonsmoontlikhede. Veral sy sosiale kommunikasiemoontlikhede word nie optimaal verwesenlik nie;
* die handhawing van 'n lae kulturele peil.

(Pretorius, 1981:211-212)

In hierdie ondersoek gaan dit hoofsaaklik oor interpersoonlike kommunikasie as aspek van sosiale opvoeding. Daar sal dus in die besonder gekyk word na die ontoereikende voltrekking van interpersoonlike kommunikasie as gevolg van ontoereikende opvoeding-in-saamlewe binne die milieugeremde gesin en hoe dit lei tot ontoereikende ontplooiing van die kind se kommunikasievermoë.

### 2.3.1 Die milieugeremde gesin

In die milieugeremde gesin staan die ouer se gebrekkige saamleefvoorbeeld en die opvoedingsverwaarlosing van die kind voorop. Die milieugeremde kind leer ontoereikende en versteurde huweliksaamlewe, opvoedende saamlewe, kinderlike saamlewe en volwasse saamlewe deeglik ken. Milieugeremde ouers is nie kindgerig nie, en steur hulle nie veel aan die kinders nie. Hulle het te min tyd of lus vir opvoedingsomgang en opvoedingsbemoeienis. Daar is te min gesamentlike maaltye, gesinsgesprekke en gesamentlike vryetydsbesteding. Die gesin is in die verwaarlosende sin permissief. Dit is 'n ongeborge gesinslewe, gekenmerk deur stryd, konflik,

onrus en uitbarstings. Die milieugestremde gesinsfeer is 'n gebrekkige oefensituasie vir die sosiale lewe van die kind, omdat daar nie positiewe houdinge ten opsigte van die medemens en die samelewing gewek word nie, en die kind nie tot sosiale verantwoordelikheid opgevoed word nie. Die kind leer om homself op geslepe, aggressiewe wyse in die stryd van die milieugeremde situasie te handhaaf. Die gesag in die gesin is te gebrekkig om die kind te lei tot sosiaal aanvaarbare gedrag (Pretorius, 1981:216-217; Botha, 1977:137-138).

Die milieugeremde gesin is dikwels 'n groot gesin wat in uitsiglose armoede leef en wat geringe sosiale en ekonomiese status in die samelewing geniet (Pistorius, 1976:268; Botha, 1977:135; Gresse, 1973:90). Die vader is dikwels werkloos, werksku en swak opgelei, met 'n gevolglike lae werkstatus en lae inkomste. In baie gevalle is die vader afwesig, of hy is 'n onstabiele persoon, geneig tot dobbel en drankmisbruik, na wie se grille almal hulle moet skik. Die vaderbeeld is dus afgetakel. Die moeder moet dikwels noodgedwonge buitenshuis gaan werk. Sy is ook dikwels swak opgelei en het 'n karige verdienste. Te midde van die lewenstryd en afsloofing, kan sy nie die kinders toereikend versorg, opvoed en liefde gee nie. Daarby is die ouers dikwels verstandelik swak bedeeld en sonder veel opleiding. Gevolglik word die karige inkomste swak bestee (Pretorius, 1981:213; Pistorius, 1976:269).

Die gebrekkige opvoedende samesyn word gemanifesteer in ongeduldige, geïrriteerde, ontkennende en gespanne opvoedingskommunikasie. Geen goedkeuring en beloning of afkeuring en straf, geen waardes en norme word aan die kind gekommunikeer nie. Ook ontbreek dit aan diepte, egtheid en intimiteit in die kommunikasiepatroon van die milieugeremde gesin (Pretorius, 1981:217). In die milieugeremde gesin staan die verskynsel van opvoedingsverwaarlosing dus voorop.

## 2.3.2 Vorme van opvoedingsverwaarlosing in die milieugeremde gesin

Skrywers soos Kruger (1980:76-82), Pretorius (1981:214-222) en Sonnekus (1977:8-9) toon die volgende vorme van opvoedingsverwaarlosing aan ten opsigte van die milieugeremde gesin:

* Fisiese verwaarlosing;
* affektiewe verwaarlosing:
* intellektuele verwaarlosing;
* normatiewe verwaarlosing;
* religiese verwaarlosing.

Vervolgens word die bogenoemde vorme van verwaarlosing kortliks bespreek. Daar sal aangedui word in watter mate hierdie vorme van verwaarlosing aanleiding gee tot 'n versteurde persoonsbeeld by die kind en watter implikasies dit inhou ten opsigte van die ontoereikende voltrekking van sy kommunikasiemoontlikhede.

### 2.3.2.1 Fisiese verwaarlosing

Volgens (Nel 1966:36) lê fisiese versorging ten grondslag van affektiewe stabiliteit. Voldoende fisiese versorging is 'n voorwaarde vir geslaagde opvoeding. Die milieugeremde kind geniet nie die voorreg van voldoende behuising, kleding, voedsel, mediese sorg, higiëne en ontspanning nie. Die kind verskyn verwaarloos en onversorg by die skool en voel dikwels minderwaardig (Gresse, 1973:91; Kruger, 1980:76; Pretorius, 1981:214).

Wanneer die ouer wat wel in staat is om die kind te versorg voortdurend versuim om dit te doen, beleef die kind dit as verwerping (Snyman, 1976:59). Volgens Vermeulen (1989:59) word die verwerping van die kind in 'n kliniekskool sigbaar onder andere in die ontoereikende voorsiening van materiële behoeftes soos klere en toiletbenodigdhede. Kempe en Kempe (1978:19) wys daarop dat die fisies verwaarloosde kind swak verhoudings het met andere, geneig is tot apatie en depressie en stadiger volwasse word.

Die fisies verwaarloosde kind sal dus nie toereikend kommunikeer nie.

### 2.3.2.2 Affektiewe verwaarlosing

Die milieugeremde kind beleef dikwels binne die chaos van 'n "oorvol" huishouding, 'n tekort aan liefde, gevoelskontak en gevoelswarmte. Die gebrek aan liefdevolle saamlewe lei tot ontoereikende wekking van die gevoelslewe van die kind. Die kind bly soek na liefde en sy gevoelslewe is dikwels vlak en labiel. Hy betree die skool en die breër gemeenskap met gevoelens van basiese lewensonsekerheid (Pretorius, 1981:214; Kruger, 1980:78-79). Die affektief verwaarloosde kind voel verworpe, bedreig en minderwaardig. Hy het dus 'n swak selfbeeld. Els (1988:30) wys daarop hoe 'n swak selfbeeld 'n kind se sosiale omgang en verhoudinge versteur:

* 'n Kind met 'n swak selfbeeld is nie in staat om betekenisvolle verhoudinge aan te knoop nie.

* Hy tree vyandiggesind op teenoor ouers en maats. Omdat hy verwag om verwerp te word, verwerp hy andere.

* Hy is obsessief in sy soeke na goedkeuring en aanprysing. Sy gedurige honger na liefde stoot andere af.

* Hy hou 'n vals beeld voor, omdat hy dink dit is meer aanvaarbaar as sy werklike beeld.

* Hy glo nie hy het beheer oor sake nie en hou hom hulpeloos.

* Hy rasionaliseer eerder as om sy probleme te erken.

* Hy het min selfvertroue en glo dat hy sal misluk voordat hy nog probeer het. Hy eksploreer dus nie graag nie, ook nie ten opsigte van verhoudinge nie.

* Hy neem in homself sy eie swakhede selektief waar, omdat dit ooreenstem met sy verwagtinge.

* Hy het 'n baie swak liggaamsbeeld en 'n besondere hoë angsvlak.

* Om homself te beskerm onttrek hy hom aan interaksie met andere en bly liewer eensaam en alleen.

Volgens Snyman (1976:33-34) het opvoedingsverwaarloosde kinders juis 'n besondere behoefte aan aanvaarding en vriendskap. Omdat hulle egter vasgevang is in affektiewe nood, het hulle weinig begrip vir hul eie aandeel aan verhoudinge, asook hul aandeel aan mislukte verhoudinge. Op grond van 'n gebrekkige waarde-oordeel en gebrekkige begrip van behoorlike interpersoonlike gedrag, kan hulle nie die gevolge van hul optrede antisipeer nie. Hulle laat hulle in hul gedrag alleenlik deur hul behoeftes lei. Binne die portuurgroepverhoudinge gaan hulle nie werklik oor tot die stigting van 'n ons-wêreld nie, omdat hulle nie begrip het vir die behoeftes van andere nie. Die mislukte verhoudinge wat noodwendig volg, skryf hulle dan toe aan die verkeerde optrede en valse beskuldiging van maats. Gevolglik beleef hulle verhoudingstigting as sinloos en onttrek hulle hul eerder aan portuurgroepverhoudinge. Sosiale heropvoeding ten opsigte van hierdie kinders is dus van besondere belang.

Vermeulen (1989:34,57) het in sy studie van verstandelik gestremde, gedragsgeremde jeugdiges in 'n kliniekskool bevind dat 90% van hierdie jeugdiges affektief verwaarloos was. Hierdie verwaarlosing neem die vorm aan van verwerping, fisiese mishandeling of behandeling van die kind as uitsonderingskind. Die kind wat nie aanvaar word nie, moet geduring die kritiek, aggressie, afwysing en irritasie van die ouer verduur. Hy ervaar weinig meelewing, goedkeuring en aanmoediging van sy ouers. Dikwels neem die fisiese mishandeling van hierdie kinders die vorm aan van onmenslike straf soos die weerhouding van water, voedsel en slaap, en die toediening van ongemak en pyn, soos om in koue water te bad, op

die vloer te slaap en die toediening van brandwonde. Die straf is ook dikwels buite verhouding tot die oortreding. Fisiese bedreiging kom ook voor wanneer die kind die skyf van 'n beskonke ouer se aggressie is, of wanneer 'n ouer 'n kind seksueel misbruik (Vermeulen, 1989:60, Snyman, 1976:61-62). Hier kan genoem word dat 12 van die 30 verstandelike gestremde, gedragsgeremde dogters wat tans in 'n kliniekskool is, seksueel misbruik is deur 'n eie vader, 'n stiefvader of ander gesins- of familielede.

2.3.2.3 **Intellektuele verwaarlosing**

Die verwaarloosde kind kom nie tot volle ontplooiing van sy analities-logiese bestaanswyse nie. Vormende leesstof en vormende ervaringe ontbreek, veral ten opsigte van taalervaringe, speelervaringe, liggaamlike ervaringe, kulturele ervaringe, sosiale ervaringe en opvoedkundige ervaringe. Die kind ontplooi nie sy waarnemingsvermoë en onderskeidingsvermoë nie. Hy het dus reeds by skooltoetrede 'n agterstand ten opsigte van perseptuele vermoëns. Hierdie agterstand word progressief opgebou, sodat hy spoedig in sy skoolloopbaan druip. As gevolg van sy affektiewe versteurdheid kom hy moeilik tot abstrakte denke. Hy waag nie toereikend in die formele klassituasie nie en die gevolge is onderprestasie, mislukking en druiping. Dit knou sy negatiewe selfbeeld nog verder (Kruger, 1980:82; Pretorius, 1981:219; Botha, 1977:141; Gresse, 1973:97).

Die milieugeremde kind is ook 'n taalgeremde kind. Sy kognitiewe wording word veral op die vlak van taalverwerwing gerem. Omdat hierdie kinders nie die taal kan struktureer nie, kan hulle ook nie essensiële gedagtes korrek weergee nie. Hulle beskik dus nie oor die taalvermoë om toereikend te kan kommunikeer nie. Hul "plattaal" en vloektaal dra verder by tot hul negatiewe kommunikasie (Pretorius, 1981: 215-216; Botha, 1977:142).

Waar ouers self verstandelik beperk is, kan intellektuele opvoeding nie toereikend plaasvind nie. Vermeulen (1989:33) het bevind dat 24% van die verstandelik gestremde, gedragsgeremde

jeugdiges wat hy bestudeer het, se ouers albei spesiale onderwys ontvang het, terwyl in 48% van gevalle een ouer spesiale onderwys ontvang het. Hieruit kan afgelei word dat die verstandelik gestremde ouer, wat boonop milieugeremd is, dit besonder moeilik sal vind om die kind op te voed tot ontplooiing van sy intellektuele vermoëns.

### 2.3.2.4 **Normatiewe verwaarlosing**

Normatiewe verwaarlosing vind plaas wanneer die norme van behoorlike volwassenheid, wat ook sosiale volwassenheid insluit, nie toereikend aan die kind voorgesê en voorgeleef word nie en die kind hom dus nie met hierdie norme identifiseer nie (Vermeulen, 1989:62; Sonnekus, 1977:7-8). Dit vind plaas wanneer vaste reëls in die gesin ontbreek. Te min eise word gestel. Dikwels gee die ouers te maklik toe aan die eise van die kind om konflik te vermy. Normatiewe verwaarlosing sluit ook in die uitoefening van inkonsekwente, liefdelose of diktatoriale gesag. Die normatief verwaarloosde kind het geen respek vir sy medemens nie en ontsien niks en niemand nie. So 'n kind kom dikwels in opstand teen die samelewing (Pretorius, 1981:132-133; Kruger, 1980:90; Vermeulen, 1989:63).

Die demoraliserende effek van milieugeremdheid is so sterk dat die gesin nie probeer om fatsoenlike standaarde van medemenslikheid te handhaaf nie. Hulle leef in 'n gemeenskap waar drankmisbruik, buurttwiste, bakleiery, asosiale wandade en fisiese aanranding aan die orde van die dag is. In so 'n situasie kweek die kind noodwendig 'n gesindheid aan van elkeen-vir-homself, wat later kan lei tot wangedrag en misdaad (Pretorius, 1981:213-214; Pistorius, 1976:269).

### 2.3.2.5 **Religieuse verwaarlosing**

Die Christenouer is geroepe om sy verbondskind op te voed kragtens die doopbelofte, naamlik om die kind omhoog te lei na God toe. Die opregte godsdiensbelewing en -beoefening van die ouers

sal as identifikasiemodel dien vir die kind. Deur identifikasie met die ouers, sal die kind 'n eie lewensopvatting bou, gegrond op die grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Die kind wat besef dat hy in Christus die kroon van God se skepping is, sal homself, sowel as sy medemens, na waarde ag (Postma & Van der Walt, 1984:8).

Volgens Vermeulen (1989:33,64) blyk die ontoereikende geloofsopvoeding van verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders in 'n kliniekskool daaruit dat slegs 15% van die ouers betrokke by sy ondersoek, meelewende lede van 'n kerkgenootskap was.

## 2.4 VERSTANDELIKE GESTREMDHEID AS BYDRAENDE FAKTOR TOT DIE ONTOEREIKENDE SOSIALE OPVOEDING VAN VERSTANDELIK GESTREMDE, GEDRAGSGEREMDE ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KLINIEKSKOOL

'n Kind word as verstandelik gestremd beskou as hy oor ontoereikende verstandelike moontlikhede beskik (Pretorius, 1976:74-75; Kruger, 1980:159; De Wet et al., 1979a:153; Vedder, 1976:34). Verstandelik gestremde kinders is dikwels in hul totale persoonwees gestrem. Hulle het dus nie slegs 'n agterstand ten opsigte van hul verstandelike vermoë nie, maar het dikwels 'n algehele agterstand (Du Toit, 1989d:367). Nel (In Thiele, 1972:16) wys daarop dat verstandelik gestremde kinders hul leefwêreld nie toereikend verstaan nie, en dikwels skewe betekenisse daaraan gee. Hierdie skewe betekenisgewing strem hul persoonsontplooiing. Individuele verskille moet egter in ag geneem word; hoe erger die graad van gestremdheid, hoe groter sal die algehele agterstand wees (Du Toit, 1989d:368; Jacobs & Van der Merwe, 1982:28).

Vervolgens word kortliks uiteengesit op watter wyse verstandelik gestremde kinders se tekorte bydra tot hul ontoereikende kommunikasie. Die eienskappe van verstandelik gestremde kinders wat bespreek word, word beskou as van toepassing op verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters.

## 2.4.1 Liggaamlike tekorte

Deur sy liggaam tree die mens in dialoog met sy wêreld. Enige liggaamlike gebreke wat die kind mag openbaar, kan sy volwassewording ernstig versteur (Van Niekerk, 1976:85-86; Sonnekus, 1977:149). Die reflekse en motoriese handelinge van verstandelik gestremde kinders is dikwels stadiger, spierkoördinasie is swakker en hulle is lomp. Perseptuele probleme kan ook dikwels voorkom. Dit strem hulle verder in die belewing van en betekenisgewing aan hul leefwêreld, en dus in hul totale persoonsontplooiing (Van der Merwe & Jacobs, 1982:27,52; Kruger, 1980:159; Du Toit, 1989d:371-372; Visser, 1978:8).

Vermeulen (1989:72) het in sy ondersoek die volgende bevind aangaande die liggaamlike tekorte van 120 verstandelik gestremde, gedragsgeremde seuns in 'n kliniekskool:

| TEKORTE | PERSENTASIE |
|---|---|
| Visueel | 53 |
| Gehoor | 20 |
| Spraak en Taal | 54 |
| Liggaamsoriëntasie en koördinasie | 54 |
| Linkshandigheid | 12 |
| Gekruiste dominansie | 49 |
| Rigtingsin | 67 |
| Opvallende liggaamlike andershede | 46 |

Vermeulen (1989:82) wys verder daarop dat verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders hul liggaamlike andersheid besonder negatief beleef. 'n Negatiewe liggaamsbelewing impliseer 'n negatiewe selfbeeld. 'n Negatiewe selfbeeld belemmer die kind se kommunikasievermoë.

### 2.4.2 Verstandelike onvermoë

Verstandelike onvermoë is die mees algemene kenmerk van verstandelik gestremde kinders. Hulle beleef vele mislukkings ten opsigte van kognitiewe prestasies. Hulle het meesal 'n swak selfbeeld, wat gepaard gaan met 'n swak waaghouding en swak motivering; daarom onttrek hulle hulle dikwels aan hul leefwêreld en hul medemens (Thiele, 1972:5; Suran & Rizzo, 1979:228-229; Du Toit, 1989:375; Gunzburg, 1968:22-23; Els, 1988:30-32; Chiu, 1990:263; Chapman, 1988:366).

Verstandelik gestremde kinders het 'n groot agterstand ten opsigte van taalvaardigheid. Hul woordeskat is swakker, bestaan uit meer konkrete begrippe, die betekenisse van woorde word swakker begryp en sinskonstruksie is swak. Verstandelik gestremde kinders se ontoereikende verbale uitdrukkingsvermoë belemmer hul kommunikasievermoë (Sonnekus, 1983:88). Verder het hulle beperkte selfinsig, asook beperkte insig in interpersoonlike verhoudinge (Gunzburg, 1968:65; Kruger, 1980:151; Pretorius, 1976:75; De Wet et al., 1979a:154; Mentz, 1973:130). Gunzburg (1968:65) wys op die uiterste belangrikheid daarvan dat die verstandelik gestremde kind geleer moet word om effektief te kommunikeer.

### 2.4.3 Affektiewe probleme

Verstandelik gestremde kinders het dieselfde basiese affektiewe behoeftes as normale kinders. Volgens Hamilton (1971:70-72) lei die volgende faktore daartoe dat hierdie behoeftes nie bevredig word nie:

* Beperkte intelligensie;
* Skolastiese en sosiale mislukking;
* Stadiger gevoelsontwikkeling;
* Ongelyke ontwikkeling op fisiese, psigiese, geestelike en sosiale gebied.

Hierdie kinders het vanweë hulle besondere probleme 'n sterk behoefte aan liefde en aandag. Indien hulle dit nie ontvang nie, dwing hulle dit dikwels af deur onbehoorlike gedrag. Hul belewing van minderwaardigheid lei tot gevoelens van onveiligheid en frustrasie. Hul lae weerstand teen spanning dra verder by tot affektiewe probleme (Du Toit, 1989d:374). Hul gebrekkige abstrakte redeneervermoë maak dit vir hulle moeilik om emosionele probleme op te los (Webster, 1970:50). Probleme met sosiale inskakeling is redelik algemeen onder verstandelik gestremdes (De Wet & Van Zyl, 1979:154; Gunzburg, 1968:141). Gedragspatrone wat voorkom en veral belemmerend is ten opsigte van sosiale interaksie is:

* Woede en aggressie;
* onbuigsaamheid;
* oorafhanklikheid;
* passiwiteit;
* gevoelens van onsekerheid en angs;
* gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid;
* onderworpenheid;
* onttrekking;
* infantiliteit;
* emosionele labiliteit.

(Van der Merwe & Jacobs, 1982:40-41)

Die afkeurenswaardige gedrag van verstandelik gestremdes maak hulle nog minder aanvaarbaar. Hul selfagting word verder afgetakel deur bespotting en isolasie deur die portuurgroep (Kruger, 1980:160; Suran & Rizzo, 1979:229).

Indien daar egter begrypende, simpatieke en individuele aandag gegee word aan verstandelik gestremde kinders, is die kanse goed dat hulle op sosiale gebied sal vorder. Van der Merwe & Jacobs (1982:50-51) wys op die noodsaaklikheid daarvan dat verstandelik gestremde kinders sosiaal opgevoed moet word.

### 2.4.4 Normatiewe en religieuse volwassewording

Omdat morele waardes abstrak is, het verstandelik gestremde kinders dikwels nie insig daarin dat sekere optredes moreel verkeerd is nie (Kruger, 1980:160). Hul wilslewe, hul gewetensvorming en hul drifbeheer is dikwels swak en hulle is vatbaar vir verkeerde invloede. Die vestiging van Christelike lewensnorme by verstandelik gestremde kinders verg langsame opvoedingsbemoeienis - tog is dit wel moontlik en kan dit lei tot 'n meer stabiele gevoelslewe en sedelike lewe (Van der Merwe & Jacobs, 1982:54-56; Pretorius, 1976:76, Vedder, 1976:35, Visser, 1979:14). Ook verstandelik gestremde kinders kan deur opvoeding gebring word tot aanvaarding van die norme van sosiale omgang en interpersoonlike kommunikasie.

### 2.4.5 Die problematiese primêre opvoedingsituasie

Die ouers van verstandelik gestremde kinders staan voor die opgaaf om hul kinders, wat "anders" is, onvoorwaardelik te aanvaar. Dikwels begryp die ouers egter nie die aard van hul kinders se gestremdheid nie en dan ontstaan daar opvoedingsprobleme. Ouers stel dikwels te hoë eise aan verstandelik gestremde kinders. As hulle nie aan verwagtinge voldoen nie, ondervind hulle dikwels verwerping, kritiek, ongeduld en vernedering (Du Toit, 1989d: 374). Andersyds beleef hierdie kinders dikwels dat hulle bejammer word en dit beklemtoon steeds hul minderwaardigheid. As gevolg hiervan het die kind min vertroue in volwassenes, en die gepaardgaande angsbelewing weerhou hulle daarvan om te waag in nuwe lewensituasies. Omdat hulle hul dan onttrek, verminder die geleentheid tot nuwe lewenservaringe. Die kind is dus affektief gelabiliseer en onderaktualiseer sy volwassewordingsmoontlikhede (Thiele, 1972: 109-110, 113-114, 119-120).

Dit is ook belangrik dat verstandelik gestremde kinders moet beleef dat hul ouers hulle as waardige mense begryp, sodat hulle hulself as waardige mense kan ontdek. Dit lyk egter of die kinders se tekorte hulle dikwels in die oë van hul ouers onwaardige

mense maak. Daarom word daar te min eise aan hulle gestel. Die opvoedingsomgang en -ontmoeting is dus verskraald, wat dui op verskraalde kommunikasie tussen ouer en kind (Snyman, 1976:72-73). Hulle kry nie genoegsame geleenthede tot differensiëring van hul vermoëns nie. Omdat hulle nie kom tot objektiewe kognitiewe denke nie, kom hulle nie tot 'n duidelike selfbeeld nie, en ook nie tot 'n begrip van interpersoonlike verhoudinge nie.

Verstandelik gestremde kinders word dikwels ook nie voldoende met die eise van gesag gekonfronteer nie, omdat aanvaar word dat hulle tog nie daarop kan antwoord nie. Hulle word dus ook op normatiewe vlak nie voldoende gesteun tot die bereiking van verantwoordelike volwassenheid nie (Thiele, 1972:121-122, 110-111, 118-119). Hulle leer dus ook op ontoereikende wyse die norme van behoorlike sosiale gedrag.

Snyman (1976:74-77) wys in hierdie verband daarop dat verstandelik gestremde kinders slegs deur langtermynbemoeiing van die ouers, goeie gewoontes en roetine aanleer. Wanneer roetinering en gewoontevorming by verstandelik gestremde kinders, wat nuwe situasies moeiliker begryp, nie voldoende plaasgevind het nie, vind hulle inskakeling by 'n nuwe skoolsituasie besonder moeilik. Hulle kan dan nie antwoord aan die eis van gehoorsaamheid aan nuwe skoolreëls, dissipline, eerbied vir die eiendom en waardigheid van andere en goeie maniere nie. Ook hier het hulle dus skade gelei ten opsigte van hul opvoeding tot saamlewe, en ten opsigte van die wyse waarop hulle omgaan en kommunikeer met andere.

### 2.4.6 <u>Samevatting</u>

In die lig van bogenoemde uiteensetting word dit duidelik in watter moeilike posisie verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters hulle bevind. As gestremde kinders het hulle reeds 'n agterstand ten opsigte van hul vermoë tot sosiale omgang en kommunikasie met hul medemens. Omdat hulle verder opvoedingsverwaarloosde en sosiaal verwaarloosde kinders is, is hulle ook geremd ten opsigte van hul vermoë tot sosiale omgang en interper-

soonlike kommunikasie. Die ernstige aard van die isolasie en nood waarin hierdie kinders hulle bevind spreek tot die hart van elke volwasse opvoeder wat bevoorreg is om aan hulle hulp te verleen.

Die verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogter is voor God gelykwaardig aan alle ander mense. Ook sy moet gelei word om haar regmatige plek in te neem in die samelewing. Hierdie roeping kan slegs volledig tot vervulling kom as sy toegerus word om haar plek as wellewende en mensliewende mens langs haar medemens in te neem. Hierin vind haar sosiale heropvoeding sy diepste sin.

## 2.5 SAMEVATTING EN TWEEDE PROBLEEMSTELLING

In hierdie hoofstuk is uiteengesit hoe verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool se sosiale opvoeding ontoereikend verloop omdat die **opvoedingsverhoudinge** nie toereikend verwesenlik word binne die gesin as primêre saamleefsituasie nie. Sodoende is die wesensbelangrikheid van toereikende opvoedingsverhoudinge vir die sosiale opvoeding van die kind aangetoon.

Tweedens is die rol van **opvoedingskommunikasie** in die opvoeding uiteengesit aan die hand van die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie. Daar is ook aangedui op watter wyse die ontoereikende verwesenliking van hierdie wesenskenmerke binne die gesinsituasie lei tot versteurde interpersoonlike kommunikasie met ander volwassenes en met die portuurgroep in die kliniekskoolsamelewing.

Derdens is aangedui in watter mate **milieugeremdheid** en die sosiopedagogiese verwaarlosing wat daaruit voortspruit, bydra tot die ontoereikende verwesenliking van die kommunikasievermoë van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters.

Vierdens is uiteengesit dat **verstandelik gestremdheid** ook kommunikasiegestremdheid kan impliseer. Daar is verder aangedui dat verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters opvoedingsver-

waarloosde kinders is, wat volwassewordingsgeremd is, en dus ook kommunikasiegeremd is, omdat hulle hul reeds beperkte kommunikasiemoontlikhede nie optimaal kan verwesenlik nie.

In hoofstuk drie sal die rol van **groepterapie as kommunikasiegebeure** bestudeer word, met die doel om te bepaal in watter mate dit sal bydra tot meer doeltreffende interpersoonlike kommunikasie binne die groep.